durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

**1 - 15 Augustus 2025**

### 3 Augustus 2025, DOOP, UITREIKEFOKUS-MAAND

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Mizelle Prinsloo*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)**<br>*Pieter Truter* |

Deuroffer: MES

### 10 Augustus 2025

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Leon Tait*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **Interskole Diens (Ouditorium)** |

Deuroffer: Vrouebediening

### 17 Augustus 2025

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Leon Tait*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Chaldin Bezuidenhout* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Mizelle Prinsloo* |

Deuroffer: Magdalenahuis

### 24 Augustus 2025

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Jannie le Roux*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)**<br>*Pieter Truter* |

Deuroffer: Menges Gesin: Duitsland

### 31 Augustus 2025,

| | |
|---|---|
| 9:00 | **@9 Diens (Ouditorium)**<br>*Ds. Eric Swanepoel*<br>**Glow Kidz (Saal)**<br>*Marinette Kilpert* |
| 18:00 | **@6 Diens (Ouditorium)**<br>*Dian Keyter* |

Deuroffer: Bybelverspreidingsfonds

**GEBEURE OORSIG:**

27 - 30 Julie:
Geloofsgelofte-Offers Loodsing
Getuienisweek & Uitreike Expo
3 Aug: Volwasse Kategese skop af
5 Aug: Huweliksvoorbereidingskursus
8 Aug: Kuns Oase & Glow Rave
10 Aug: Interskole Diens 18:00

## Geloofsgelofte-Offers (GGO)



Daar is baie nuwe lidmate by Bergsig Gemeente en ons dink dit goed om elke jaar van voor af te verduidelik wat die GGO is. Vir ander wat jare lank in die gemeente en bekend is met die terme, is dit net weer 'n herinnering.

Jesus se laaste opdrag aan sy volgelinge, dit sluit Bergsig lidmate in, *was om na al die nasies te gaan en die mense Sy dissipels te maak (Matt 28:19).*

As ligdraers moet ons in liefde omsien na die welsyn van ons naaste, en volhard in die uitdra van die Evangelie van hoop.

28 jaar gelede het Bergsig gemeente Geloofsgelofte-Offers begin waardeur God vertrou word vir Finansies. Lidmate gee bo en behalwe hulle dankoffers, hierdeur ekstra vir uitreike.

Tans is ons by meer as 20 uitreikprojekte/-vennootskappe finansieel betrokke. Ons ondersteun projekte op ons voorstoep sowel as oor grense heen.Julle kan gaan lees oor hierdie projekte in die GGO-brosjure wat by die voorportaal, sydeure asook elektronies beskikbaar is op Bergsig se webblad. Daarin word die projekte omskryf en kontakbesonderhede van die projekleiers gegee. Julle is welkom om hul te kontak indien julle meer wil weet van 'n spesifieke uitreik.

Bydraes kan eenmalig of maandeliks gedoen word. Beide kan in die vorm van kontant of elektronies wees. Wat belangrik is, is dat jy moet aandui dat dit vir GGO is. Indien jy 'n spesifieke uitreik wil ondersteun kan jy die verwysing GGO en die naam gebruik, bv.
GGO: Incontext, Attie van Wyk, Durbanville Kinderhuis, Lesotho, ens.

Jy is nie te jonk of te oud om by te dra nie en die bedrag nooit te gering. Soos die weduwee van Lukas 12, sien God die opregte hart wat in liefde gee.

Vra God in gebed om jou bekend te maak waarvoor jy Hom kan vertrou en voltooi dan die belofte-vorm. Wat jy op die vormpie skryf is tussen jou en God en niemand gaan jou herinner, of opvolg of jy wel jou belofte nagekom het nie.


Bid asseblief saam met ons vir hierdie projek. Vra God hoe en waar jy kan deel word van GGO, en maak 'n verskil.

Elke bietjie help.

**Vul 'n GGO belofte-vorm in (sydeure/voorportaal).**
**Jy kan ook elektronies jou belofte maak deur die QR kode op hierdie blad in te scan of deur hierdie skakel te volg:**

https://www.cognitoforms.com/Bergsig1/GeloofsgelofteoffersGGO





*Ons dank die Here vir die oorvloed waarmee Hy ons seën!*

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

## Uitreike Getuienisweek



**Ons fokus in die 3de kwartaal, spesifiek Augustus, op Uitreike**
Hier volg die program:

**TYDENS Eredienste**
**Sondagoggend 27 Julie, 09:00:**
GGO loodsing en begin van die Getuienisweek,
**Sondagaand 27 Julie, 18:00:**
Msinga Uitreik terugvoer

## Uitreike Getuienisweek

**Maandag & Dinsdag aand 28 & 29 Julie, 19:00:**
28 Julie 19:00: Mosambiek (deur Murray Steenkamp en Danie Murray) asook Thailand (deur Lourens Olivier);
29 Julie 19:00: Oekraine: oor Volodya van Mission Without Borders (deur Mark en Tanja Pretorius);

**Woensdagoggend 30 Julie, 09:30 & Woensdagaand 19:00:**
9:30: Mosambiek, Thailand, Oekraine, Turkye en Koerdistan.
19:00: Turkye (Jacques Smith) asook Koerdistan (LeonTait);

**UITREIKE EXPO: Vanaf 27 Julie – 3 Aug**
KOM KYK, GESELS & HOOR MEER
Bergsig se UITREIKE word in die BINNEHOF vanaf Sondag 27 Julie uitgestal – 3 Augustus.
Die UITREIKE EXPO help ons verstaan waarvoor die Geloofs-Gelofte Offer gelde aangewend word.

durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Navrae: http://bit.ly/uitreike

Die LIDMAATUITREIKE gedurende die vakansie het baie geseënd verloop en almal is veilig terug. Ons dank die Here daarvoor.

Op 3 Augustus sal daar 'n spesiale vakansie lidmaatuitreik insetsel verskyn in die BB met oorsig van die onderskeie Uitreike.

Ook gedurende Augustus-maand fokus ons in die eredienste op die onderskeie Lidmaatuitreike se terugvoer.

## ♫ Blikskud Band ♫

**Saterdag 2 Augustus 2025**
**19:00**

Bestel Kerrie & Rys en Pannekoek vooraf

*Kos vanaf 18:00*



R80 (Volw.) & R40 (kind)

Koop 'n kaartjie en bestel jou kos
https://linktr.ee/uitreike

Ten Bate van Bergsig Uitreike

durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

---

Om jou belofte te maak en by te dra vir die Uitreik BUITESPOOR

# Maak die wêreld 'n *beter* plek

Hier is hoe jy kan help: deur 'n **GELOOFSGELOFTE-OFFER VENNOOT** te raak. (Mat 5:14 Julle is die lig vir die Wêreld)

### Maak jou belofte
God wil hê dat ons in **GELOOF** 'n bedrag aan Hom moet **BELOOF** en Hom dan vertrou om dit vir ons te skenk. Deur jou te verbind word jy deel van die Bergsig uitreikspan wat die Evangelie van **HOOP** uitdra.

### Hoe kyk ons daarna
Die bedrag is **BO** en **BEHALWE** jou begrote uitgawes (wat ook jou dankoffer aan Bergsig gemeente sowel as enige ander steun aan Christelike aksies / organisasies insluit).

### Hou dit voordeel in?
Elke projek / instansie gelys in Bergsig GGO-brosjure baat by jou belofte klein of groot. 'n Totale verdeling word dus aan Bergsig-uitreike gegee.

### Hoe werk dit?
Amper soos 'n inspuiting! Jou donasie word op Ons Voorstoep en Oor Grense heen gebruik om die groot wêreldwye taak uit te voer. Ons hulpbronne (soos deur God op 'n unieke wyse voorsien) seën dus ander. Gewillige, toegeruste mense, sowel finansies help nood verlig en Evangelie uitdra.

### Hoe klop jou hart?
Voel jy geroep om te help? Neem die GGO brosjure & beloftevorm vandag. Gaan lees meer en word deel.




## Kwartaal 3 se fokus: Nader …. Aan Ander

***Matteus 25:31-46***

35) want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves;

36) Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek en julle het vir My besoek.

Beide hierdie tekste help ons fokus om nie net vir ons self te leef nie, maar ook te dink aan ons naaste en hoe ons betrokke kan wees by noodverligting naby en vêr van ons. Hoe ons kan uitreik deur ons GGO vennootskappe en die buitespoor van die gemeente te benut om 'n verskil te maak.

## Kerkraad Nominasies

Die kerkraad nominasies Is oop. Dit sluit op 4 Augustus. Nominasies vind plaas by hierdie skakel: https://bit.ly/kerkraad

## NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel?
Vul 'n kaartjie in by die ontvangstoonbank of kontak die kerkkantoor. Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

## Volwasse Kategese
## Belydenis van Geloof

Ds Leon gaan op sekere Sondae vanaf 3 Augustus 2025 om 10:45-12:00 Volwasse Kategese aanbied by Bergsig Gemeente.

Enige gedoopte of ongedoopte volwasse persoon wie nog nie Belydenis van Geloof afgelê het nie is welkom om hierdie 6 sessies met die oog op Belydenis van Geloof Aflegging, op 23 November, by te woon.

Enige volwasse persoon wat graag weer die inhoud van wat hulle glo wil herbesoek, is ook welkom om die 6 sessies by te woon.

**Datums en Temas:**

| | |
|---|---|
| 3 Aug: | God Drie-enig: 3 en tog 1 |
| 10 Aug: | Sonde, Verlossing (in Jesus), Dankbaarheid |
| 17 Aug: | Kerkwees en die Sakramente: Doop en Nagmaal |
| 7 Sept: | Die Bybel, asook stiltetyd, gebed en getuienis |
| 14 Sept: | Die Heilige Gees en gemeente wees: o.a. Gawes en Vrug van die Gees |
| 21 Sept: | Geskiedenis van die NG Kerk: o.a. Die Hervorming en Belydenis skrifte |




**MANNEKOOR SOEK NOG MANNE OM TE KOM SAAM SING. OEFENINGE WOENSDAE VANAF 18:00. Bel kerkkantoor.**

## HOE WERK A-KOORD?

'n Groep vrywilligers help Sondae, tydens skoolkwartale, in die binnehof om die gemeente na die dienste te bedien. Tee is gratis en die koffie en happies word verkoop.

## GESOEK "Granny Flat / Woonplek"

**vanaf 1 September**

**Kontak Amanda Jansen**
**074 922 2870**
**mandyj657@gmail.com**




**Julle trou oor 'n paar maande!!!**

Watter gevoelens maak die volgende sin in jou wakker?

Belowe dit dan hardop:
"Voor God en sy gemeente beloof ek liefde en trou vir altyd en in alle omstandighede aan my bruid / bruidegom."

Kom gesels saam met ander verloofde paartjies oor wat om te verwag as die ring aan die vinger is en die "honeymoon" verby is.

Ds Leon Tait bied op 5 Augustus om 18:30 – 21:00 'n Huwelikvoorbereidingskursus aan by Bergsig Gemeente teen R50 'n paartjie.

Kontak vir Liezl Loubser by versorging@bergsigdv.co.za om te registreer.

Die Glow Kidz vakansieprogram is saam met Durbanville Gemeente in Bergsig se kerksaal aangebied waar die kinders meer geleer het oor die Wapenrusting van God. Dit help werkende ouers terselfdertyd vir so paar dae wanneer hul kinders by ons geestelike tuiste tyd spandeer.












Seniorklub se uitstappie na Fairview

## 'N LOGIESE ONDERSKEIDING VAN DIE HEILSORDE IS:

(Hierdie orde is 'n geloofsorde)

Bid gedurig dat God jou sal lei om die geloofspad te stap





**NG Kerk Durbanville-Bergsig**

021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za

**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers

**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550

**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551

**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00

Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810



SnapScan
Snap here to pay

zapper
donate with
VISA
and many more
scan to donate now
www.zapper.com